Toe spot ons 'n luiperd!

Kobie Coetzee

Andrei van Zyl en sy twee broers, Marc en Kyle, was op Saterdag 11 Januarie in ekstase toe hulle 'n luiperd naby die ingang van die Harold Porter Botaniese tuin opgemerk het. Mark was dadelik gereed om 'n duidelike weergawe daarvan op video vas te lê.

"Dit was so teen middagete," vertel Andrei. Hulle was langs die heining, sowat 200 meter van die hek af, toe hulle die beweging in digte bosse sien. Die volgende oomblik het hulle die luiperd se kolle gesien en hom met die kamera gevolg waar hy afbeweeg het na die stroompie – klaarblyklik om water te drink. Dit was moeilik om hom tussen die bosse te sien, maar op 'n stadium het hy oor 'n rots geloop en kon hulle hom mooi op video vasvang.

"Ons was seker ons het ook die geluid van 'n kleintjie gehoor en het toe liewer wegbeweeg toe die luiperd buite sig verdwyn het, ingeval dit 'n wyfie was wat haar kleintjies sou wou beskerm. Dit was 'n wonderlike ondervinding, want dis baie min mense wat al 'n luiperd hier gesien het – en dit nog helder oordag," vertel hy.

Die Overstrand Herald het by Jeannie Hayward van die Cape Leopard Trust meer inligting gekry oor die voorkoms van luiperds in die Kogelberg Resevaat.

"Dit is byna onmoontlik om 'n presiese getal te sit slegs op die luiperds in Kogelberg, veral omdat luiperds hulle nie veel steur aan mensgemaakte grense nie. Ons is bewus van 'n volwasse territoriale mannetjie wat die hele Kogelberg Biosfeer patrolleer, en verder weet ons ook van drie volwasse wyfies wat in hierdie area tuisgebiede het.

"Die grootte van loopgebiede variëer baie tussen verskillende geografiese areas. In die Bolandse berge is mannetjies se gebiede tot 250 vierkante kilometer groot, en wyfies rondom 80-100 vierkante kilometer. Oor die algemeen is luiperds in die Kaapse berge se loopgebiede tien maal groter as dié in die Savanna bioom.

"Ons gebruik tans uitsluitlik veldkameras (remote-sensing cameras of camera traps) en mis-analises om hulle te monitor. Ons kan egter nie met sekerheid sê of die geluid wat die mans gehoor het, dié van kleintjies was nie. Dit is nie onmoontlik nie, maar dis ook heeltemal waarskynlik dat hulle dalk eerder 'n dassie se alarmroep gehoor het," sê sy.